# Wawiel

Jaargang 35 Vol. 2



# Wapadrand

# INHOUD


INHOUD …..…………………………………..…….. BL 2

STILTETYD……………………………………..… BL 3

BESTUURSLEDE ……………………………..…….. BL 4

REDAKSIONEEL ……………………………..…… BL 5

UIT DIE VOORSITTER SE PEN ……………… BL 6

SENIOR BURGERS …………………………… BL 7

JEUG ……………………………………………... BL 8

KWARTAALKAMPE ……………………………. BL 10

NASIONALE VERGADERING TAVA LINGWE . BL 13

LIEF EN LEED VERJAARSDAE…….……...… BL 19

VERJAARSDAE ……………………….……… BL 20

HUWELIKSHERDENKINGS ………………… BL 21

WOORDSOEK ………………………………. BL 22

RESEPTE ……………………………………….. BL 23

JAARPROGRAM………………………………… BL 24

# STILTETYD

## SPORE VAN HOOP : JOSUA 24:13-15

Soos Josua van ouds staan ek ook dikwels stil en kyk terug op my lewenspad. Ek is reeds 83. In my lewe was daar net enkele donkerdieptes! Maar tonne feesmaaltye. Seëninge ongeteld.
Terwyl ek hier tik dink ek aan my grootouers, hulle lewensom-standighede en die leefwêreld waarin hulle opgegroei het. Arm. Karige vervoermiddele. Feitlik geen mediese dienste. Feitlik geen tegnologie om hulle lewe te vergemaklik nie. Op 80 was my oupa feitlik blind, doof en tandeloos. Tegnologies kon daar nie veel aan gedoen word nie. Hulle het in elk geval ook nie geld gehad om iets daaraan te doen nie. Hoe anders is dit nie vandag in baie van ons se lewe nie?
Ons kan praat, hoor, sien, loop en vat. Die meeste van ons se gesondheid is redelik goed. Ons het huisvesting. Ons het kos op die tafel. Klere aan ons liggame. Motors om mee te ry. ‘n Huweliksmaat, kinders, kleinkinders, familie en vriende. ‘n Wonderlike wêreld met tegnologie en duisende ander goed om die lewe vir ons gemaklik te maak. Te veel om op te noem. Loof die Here.
Sommige van ons se lewens word miskien meer deur donker dieptes as feesmale oorheers. Te midde van alles, het ons die belangrikste in die lewe. Deur Jesus Christus het God ons sy kinders gemaak. In sy hande is ons veilig vir tyd en ewigheid.
God gee alles aan ons uit liefde en genade. Kom ons wees dankbaar. Gehoorsaam sy gebooie. Wees lief vir Hom. Doen sy wil na die beste van ons vermoë. Doen aan ander wat Hy vir ons gedoen het. Volg in sy voetspore. Kom, dank nou almal God met hart en mond en hande; loof Hom wat wonders doen tot in die verste lande. Van vroeg, van kindsbeen af, het Hy ons trou bewaar en tot vandag toe nog geseën en gespaar. (*Prof Bieks Beukes)*

**Die 2024/2025 BESTUUR**

.



VOORSITTER REINARDT V RENSBURG
reilynn@vodamail.co.za Sel: 082 332 7217



ONDERVOORSITTER ANDY TOERIEN
toeriena@vodamail.co.za Sel: 082 256 5044



SEKRETARESSE JANETTA TOERIEN
Wapadrand.sek@sawa.org.za
janettatoerien@gmail.com Sel: 082 325 5634



PENNINGMEESTER LYNETTE V RENSBURG
lynettevanrensburg3@gmail.com
Sel: 082 068 6517



ADDISIONELE LID DALEEN PIENAAR
pienaars@netactive.co.za Sel : 082 848 7478



ADDISIONELE LID GERALDINE MüLLER
NUUSBRIEFREDAKTEUR
muller.sj@outlook.com Sel: 083 490 3588

# REDAKSIONEEL

Die jaar staan einde se kant toe en van ons maak al reg vir die Desembervakansie.

Ek het daaraan gedink om die Wawiel elke 2de maand uit te stuur.  Die rede hiervoor is dat die foto's maak die dokument te groot en dit veroorsaak dat die Wawiel nie by almal uitkom nie.

Baie dankie aan Lynette en Janetta vir jul Wawielbydraes.

*Redaksie.*



**Uit die Voorsitter se pen**



Wapadranders

Dit is Oktober 2024, die mooiste maand en ook eksamen-maand.

Baie sterkte aan elke skolier, student en matrikulant wat eksamen skryf.  Ook aan die ouers wat hulle bystaan.  Ek glo en vertrou dat dit net goed sal gaan.

Oktobermaand is vir my 'n moeilike maand wat werk aan-betref, maar ek glo die kamp by Rust Oord was weer een vir die boeke en dat julle lekker gerus en gekuier het.

Ons hoop om soveel as moontlik van julle by ons laaste kamp van die jaar te sien.  Ons kamp by Drie Berge.  Dit sal dan ook ons afsluiting en Kerskamp wees.

Veilig wees en almal wat skoolvakansie het in September, geniet elke oomblik.

Groete.

Reinardt

# SENIOR BURGERS

## Betekenis:

## ‘n Ouer of iemand met ‘n hoër posisie en meer ervaring as ander mense.

Met ons senior burgers gaan dit goed.  Daar is so 6  senior burgers wat op ‘n gereelde basis kamp.



*Foto geleen uit Die Burger*

# JEUG

RUSTOORD:  Logan & Liam het die naweek vir ons baie spesiaal gemaak met hul manewales.

Oupa Martin Rix alias die Bom Masjien het BAIE oefeninge ingekry by die swembad.  Net wanneer hy dink hy kan rus word die Bom Masjien weer aangetree.  Kleinkinders het deur die lug getrek soos wat oupa hul moes ingooi om 'n bommie te maak.  Ek wou nog die Sondagoggend vir Martin vra hoe voel die arms—maar het skoon daarvan vergeet.

Hulle was ook "verantwoordelik" om die vuur aan die gang te hou en moes kort-kort hout op die vuur ingooi  - met toestemming en toesig natuurlik)  Hulle het ook marsemamallows (Liam se weergawe) gebraai.



Sondagoggend voor die boekevat was ek vinnig weer in die boma waar ons gebraai het en ek was verstom oor die  hoeveelheid voetspoortjies wat daar in die sand gelê het.  'n Bewys dat hulle lekker gespeel het.  .

.

Hier is 'n paar foto's van die tweetjies



MARTIN & LOGAN

Ons het heerlik geswem, al moes ons soms koes en wegstaan/swem vir die bommakers.

Wonder of hierdie broekies skoon gekom het?



Liam en Logan speel in die sand rondom die braaiplek. Hier het hulle 'n karretjie begrawe.



## KWARTAAL SE KAMPE:

## OKTOBER : RUST OORD

Rust Oord is ‘n bosveldkamp. Die paadjies kronkel tussen die bosse deur. Elke staanplek is afsonderlik in die bos oopgekap—baie goed uitgelê met braaiplek, kragpunt, water en ‘n behoorlike lig. Die ablusieblok is netjies, goed toegerus en sentraal. Die boma is egter die grootste pluspunt van die oord. Dit was bloedig warm en die skaduwees maar klein, almal het maar hier, daar en oral ingekruip om ‘n stukkie koelte te kry.

Van vroeg Vrydagoggend af het Wapadranders by Rustoord begin saamtrek vir die naweek. Ons was 5 woonwaens wat saam gekamp het. Dit was baie warm en groot skadubome was min maar ons het so saam met die skaduwees rond geskuif.

Die staanplekke is nogal ver van mekaar en dit was nie moontlik om almal in te pas by 1 staanplek vir die saambraai nie. Die oord het hul Boma vir ons afgestaan sonder enige ekstra kostes en daar is Vrydag- en Saterdagaand gebraai en boekevat gehou.



Ons eie houtkapper
Hoepfner Wiese



Logan & Liam kry ‘n les by Hoepfner hoe om ‘n vuur te pak.

## Vrydag- & Saterdagaand braai



Seppie & Hoepfner– manne wat die boma vir ons gereël het



Seppie & Geraldine: Kamp-kommandante saam met Janetta.





Boma Kuier

# NASIONALE VERGADERING : TAVA LINGWE

Ons het die naweek gekuier op Tava Lingwe; ‘n ent buite Parys (In die Vrystaat, nie Frankryk nie). ‘n Tava is blykbaar ‘n braaipan/plaat. Ongelukkig het hulle nog nie reën gehad nie, alles was dus nog bruin en baie droog……en mens! Het ons warm gekry.

Ons was baie vriendelik ontvang deur die oord se mense. Ons het ons staanplek gekry en gedoen wat ons kon in die bloedige hitte.

Vrydagaand het ons heerlike kos gekry, waarna ons na 'n bietjie kuier vroeg gaan slaap het want ons moes Saterdag-oggend vroeg opstaan. Dit was heerlik om weer ou vriende van ver te sien.

Die feit dat so min lede gereeld kamp, is ‘n algemene bekommernis. Ander streke het dieselfde probleme. Gebied Jakaranda gaan binnekort 'n spesiale kamp reël om oplossings te kry. Almal gaan welkom wees om saam te kamp en hulle insette te gee.

So bietjie lede-inligting uit die vergadering: Oom Gert Raal, 'n SAWA-ikoon, is 95 jaar oud en het op die oomblik die laagste lidnommer. Oom Neels en Tannie Rina de Klerk, voorheen Wapadranders, het erelidmaatskap gekry. Om erelidmaatskap te kry moet die hooflid 75 jaar of ouer wees. Daar is ook ander bepalings soos om aktief te wees. Oom Nico en Tannie Sarie Spaumer is 50 jaar lid van SAWA.

.

**Ander sake van belang**:
Die 2025 Presidente word by View on Vaal, voorheen Abramsrus, aangebied. 'n Spesiale tarief R300/nag, is beding. Almal is welkom by volgende jaar se 100-pluskamp by Bush Inn 26-28 September 2025.
Die idee is dat ander dan sien hoe die 100-plussers bederf word en dan ook daarna streef.

Die Sitrusfees gaan heel moontlik 'n streekskamp wees. Die jaarprogram sal aangepas word.

‘n Besluit sal later geneem word ten opsigte van die Nasionale Vergadering in Oktober 2025 (kongres); of dit aan-lyn gaan wees of weer 'n fisiese kamp…..alles om koste te bespaar.

Die nuwe liedboek is in wording.  Ou liedere word nie uitgehaal nie—net nuwes word bygevoeg.  Die nommers kan wel verander.  Daar was egter ‘n versoek van een van ons jonger lede, onder vyf, dat lied 36 se nommer onveranderd bly. Die liedboek en die musiek gaan elektronies beskikbaar wees.

Die ledegeld verhoog na R550 per jaar, maar die aansluitings-fooi bly R120.00.

Saterdagaand tydens die dinee het Martin en Tertia Rix ‘n Nasionale Merietetoekenning ontvang vir 25 jaar lidmaatskap.

Sondag na die erediens en brekkiebroodjie het ons ons ou vriende gegroet en almal het in die bloedige hitte vinnig op-gepak, waarskynlik om in die kar se lugversorging te kon asem skep.

Die kongres is altyd baie spesiaal.  Ek hoop ons kan dit volgende jaar weer doen.

(*Artikel geskryf deur Janetta Toerien).*

# NASIONALE VERGADERING : TAVA LINGWE FOTO'S

Daleen & Chris Pienaar saam met Martin Rix



Lynette & Reinardt van Rensburg.





Martin & Tertia Rix ontvang hul sertifikaat
vir 25 jaar lidmaatskap.



Janetta & Andy Toerien



Lynette & Reinardt van Rensburg



Tertia & Martin Rix

## Lief en Leed

**Lief:**

Mieke Pienaar het verloof geraak aan Werner Roos. Hulle trou 4 Oktober 2025

Eduan Theron is op 4 Oktober 2024 getroud met Simone.



**Leed:**

Andy was vir ‘n hakskeenoperasie wat suksesvol was en dit gaan goed met hom

Mieke Pienaar was in die hospitaal met ‘n hoë CK-telling. Sy gaan weer vir opvolgtoetse.

Ons vertrou dat julle vining sal herstel.



## VERJAARDAE & HUWELIKSHERDENKINGS




| | | |
|---|---|---|
| Oktober: | 6 | Bettie Mullens |
| | 26 | Etienne Rabie |
| | 29 | Gräbe de Villiers |
| | 29 | Elané Brönn |
| November: | 5 | Danie du Plessis |
| | 5 | Micke Swanepoel (van Rensburg) |
| Desember: | 3 | Jos Rabie |
| | 4 | Rina van Aswegen |
| | 13 | Sarie Bezuidenhout |
| | 16 | Susan Trotskie |
| | 22 | Eleanor du Plessis |
| | 28 | Stephanie Brönn |




***Eenkeer in 'n leeftyd ontmoet jy iemand spesiaal.***
***Iemand wat jou hart en siel aanraak.***
***Iemand saam wie jy kan lag en huil.***
***Iemand saam wie jy die res van jou lewe wil deurbring.***
***Net eenkeer in 'n leeftyd ontmoet mens iemand …***

***… soos jy!***

| | | |
|---|---|---|
| Oktober: | 4 | Betsie & Wynand Theron |
| | 19 | Sarie & Christo Bezuidenhout |
| Desember: | 19 | Tertia & Martin Rix |
| | 20 | Daleen & Chris Pienaar |

# HOE MOET ONS LEEF?

Soek die **vetgedrukte** woorde uit 1 Tessalonisense.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| I | W | N | T | O | G | E | B | T | R | P | R | A | A | T | T | E | V | I | G |
| L | K | E | H | I | W | T | A | E | R | C | O | U | Q | R | K | P | N | T | I |
| M | A | Y | G | O | E | I | E | O | F | L | L | I | E | D | E | R | V | E | D |
| P | R | V | W | R | D | D | Y | V | H | I | N | F | T | N | R | K | O | W | O |
| S | W | E | G | D | E | I | B | R | E | E | S | R | O | U | F | S | Y | H | N |
| H | C | P | O | L | C | T | N | A | T | W | L | N | L | M | K | C | N | R | G |
| T | N | K | I | F | R | U | I | Q | Y | A | I | P | R | S | T | G | U | S | O |
| C | L | F | R | N | L | I | U | G | N | U | H | C | T | H | G | I | E | E | D |
| R | E | V | E | R | E | N | I | G | W | D | E | O | M | Z | X | J | T | K | Z |
| O | H | S | T | R | I | O | S | N | C | E | I | B | A | R | I | A | S | G | R |
| N | D | T | C | O | G | N | I | H | T | B | L | A | V | L | S | E | R | D | A |
| F | U | Y | S | R | P | O | S | G | L | Y | Y | E | C | T | U | C | E | R | O |
| A | D | L | C | X | Z | A | I | B | D | P | A | G | I | D | L | U | D | E | G |
| S | B | K | W | H | N | I | H | S | D | I | T | G | D | A | O | H | N | A | H |
| C | N | V | E | Y | L | E | K | G | A | O | E | F | C | N | M | S | O | Q | U |
| E | Y | U | Y | M | K | A | D | R | N | G | M | I | R | K | C | Z | Y | E | Y |
| A | R | C | B | A | P | C | O | V | A | E | T | L | C | B | O | H | B | T | H |
| M | H | G | L | I | E | F | D | E | I | W | A | S | H | A | P | L | I | V | E |
| E | S | T | I | U | C | E | F | L | S | R | U | O | L | A | J | Q | D | X | Z |
| H | O | L | M | E | B | R | N | G | F | T | C | M | E | R | U | B | R | E | L |

*Julle moet met **liefde** baie **eerbied** aan hulle betoon. Leef in **vrede** met mekaar. Wys die leeglêers tereg, **praat** die kleinmoediges **moed** in, **ondersteun** die swakkes, wees **geduldig** met almal. Kyk dat niemand weerwraak neem nie, maar streef eerder altyd die **goeie** na – vir mekaar en vir alle mense. Wees altyd vol **blydskap**. Moenie ophou **bid** nie. Wees in alle omstandighede **dankbaar**, want dit is wat God van julle verwag omdat julle met Christus Jesus **verenig** is.* 1 TESSALONISENSE 5:13-18

(Bydrae: Lynette van Rensburg )

# RESEPTE

## AARBEI EN SPEK SLAAI

**BESTANDDELE:**

* 4 Spinasieblare, in repies gesny
* ½ kop blaarslaai
* 2 Avokado's in skyfies gesny
* 60 ml (4 E) olyfolie
* 250 ml (1 kop) vars broodblokkies
* 250 g (1 pak) spek, gekap
* 30 ml (2 E) balsamiese asyn
* 250 g (1 pak) aarbeie, gehalveer
* 2 skywe Fetakaas, in blokkies gesny

METODE:

1. Plaas die spinasie– en slaaiblare op 'n opdienbord en rangskik die avokadoskyfies bo-op.

2. Verhit die olyfolie, braai die broodblokkies tot bros en skep dit uit.

3. Braai die spek tot bros en skep dit uit.

4. Meng die orige sap in pan met die balsamiese asyn. Giet dit oor die slaaiblare.

5. Rond die slaai af met aarbeie en Fetakaas.

# SAWA Wapadrand Jaarprogram 2025

| 2025 Kampnaweke | | | | | | 2025 Kampplekke | Plek-ke | Bestuurslid/ Kampkoör-dineerder | Rigting | Kamptariewe | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Januarie | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | | | | | | | |
| Februarie | 31/1-2/2 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | | San Cha Len | | | | | |
| Maart | 28/2-2/3 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | 28-30 | Hartbeeshoek | | | | | |
| April | 4-6 | 11-13 | 17-21 | 25-27 | | Presidente ( Streek-skamp) | | | | | Paasnaweek |
| Mei | 1-4 | 9-11 | 16-18 | 23-25 | 30/5-1/6 | Buffelspoort, Sitrusfees (Streekskamp) | | | | | |
| Junie | 6-8 | 13-16 | 20-22 | 27-29 | | Kaalvoet Koppies | | | Noord | | Gebiedskamp |
| Julie | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 25-27 | | Weesgerus, Gebiedskamp (Streekskamp) | | | Noord-wes | | 25-27 Julie; Bosveld kamp |
| Augustus | 1-3 | 8-10 | 15-17 | 22-24 | 29-31 | Bass Lake - AJV | | | | | |
| September | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | Bush Inn, Nasionaal & 100+ (Streekskamp) | | | | | |
| Oktober | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | | Sionsberg - Kuierkamp (Streekskamp) | | | | | Saamkuierkamp |
| November | 31/10-3/11 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | 28-30 | Drie Berge | | | | | |
| Desember | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | | | | | | |